# 5 April 2024 - Lesing 279 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Waarskuwing teen spiritistiese ontvangs – 12/4/62

**NO: 8149** *"Elke gees wat bely dat JaHshua Messias in die vlees gekom het, is van God"*

Daaraan sal julle dus kan toets of julle deur My Self onderrig word of dat julle aan 'n valse gees ten offer geval het, **want hierdie sal nooit My beliggaming in Jesus, My koms op aarde terwille van die verlossing van die mensdom, vir julle as kennis bring nie, maar inteendeel daarteen getuig.**

Julle sal nou egter ook moet weet dat die vyandige geeste dikwels tussenbeide kom, waar aan hom die moontlikheid gebied word, wanneer die mens afsien van sy wil en dus 'n vreemde gees besit van hom kan neem, wat hy nie altyd kan herken nie.

Ek soek wel steeds verbinding met julle en Ek verheug My oor elke band wat julle self met My tot stand probeer bring; en **waar Ek ook heel suiwere houers vind, sal die straal van My Liefde hulle hier kan binnestroom,** maar hierdie daad moet bewustelik gebeur; julle moet julle so innig aan My oorgee dat julle in 'n toestand van bewustheid nou My Stem sal kan hoor en dan sal julle ook seker daarvan wees dat julle Vader Self tot julle spreek.

Is julle egter wel op hoogte van die toestand van rypheid van al diegene wat julle omgewe, weet julle of julle beskerm is teen die **invloed van 'n onsuiwer gees**, wat verwarring onder julle probeer stig?

Julle hoef nie in dwaling te verkeer nie, maar julle is nie seker van hom, dat hy binnesluip, **wanneer julle julleself aan 'n medium se geestelike kragte toevertrou nie,** wanneer julle van julleself wil afsien en julle dus ook nie sal kan verweer, wanneer 'n valse gees van julle besit neem nie.

Maar hierdie lae geeste wag maar net op 'n geleentheid om binne te kan sluip en elke onsuiwere gedagte, elke vooropgestelde mening, elke liefdeloosheid kan die opening wees wat dit vir hom **moontlik maak om binne te sluip** en dan word ook sy "**geestelike lering**" (saam na binne) gebring en julle sal dit dan aanneem as "My woord".

Ek wil tot elkeen van My kinders spreek, maar glo My, die innige band wat elkeen van My kinders met My tot stand bring, lewer vir hom ook verseker My aanspreking op, maar dit kan elkeen van My kinders in homself verneem en na gelang hy in sy innigheid sy samespraak met My voer, sal My woord duidelik in homself klink, sy gedagtes sal so gestuur word dat die kind voel dat sy Vader hom onderrig en dat hy hom heeltemal aan hierdie gedagtes kan toevertrou, **dat sy waarheid is.**

Die innerlike band is van die grootste waarde, wat die mens self met My tot stand bring in vrye wil, want dit beskut hom teen dwaling en gee hom ook die innerlike vrede en die sekerheid om in My Liefde geborge te wees.

Wel het Ek gesê: *"Waar twee of drie in My Naam vergader is, daar is Ek in hul midde".*

En ook hierdie sekerheid sal julle mag hê, dat Ek Self by julle sal wees en julle gedagtes die korrekte rigting gee. En dan sal elkeen ook in volle bewussyn spreek wat Ek hom in die mond lê en Ek kan My dan ook Self uiter en julle onderrig, terwyl julle wedersyds gedagtes wissel en julle deur die innige band met My heeltemal met My Gees vervul is; julle dus dan spreek vanuit My Wil, wat julle nou almal tot oorwinning strek. Want die innige band met My is en bly die voorwaarde dat Ek by julle teenwoordig sal wees en dit sal julle te alle tye en op alle plekke tot stand kan bring.

Julle is dan nie gebonde aan vasgestelde ure wat nie waarborg of almal hulleself voorberei het, sodat elkeen die innigste verbinding met My het en dan ook My aanwesigheid in die hart van elke mens gewaarborg is.

**Want alle voorwaardes moet aanwesig wees wanneer Ek My Self aan 'n mens wil openbaar. Amein.**